NHLRP | National Home Language Reading Programme


# Kernleesboek

GRAAD 2

## AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTAAL 3



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

ETDP SETA

2030 NDP

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

SACE



# Kernleesboek

GRAAD 2 | KWARTAAL 3

## AFRIKAANS

NHLRP National Home Language Reading Programme

# Inhoud


**Kwartaal 3** ........................................ **1**

Tema: **Ons voel jaloers** ........................................ **2**

Week 1 ........................................ 4

Week 2 ........................................ 11

Tema: **Ons maak foute** ........................................ **18**

Week 3 ........................................ 20

Week 4 ........................................ 27

Tema: **Ons dans** ........................................ **34**

Week 5 ........................................ 36

Week 6 ........................................ 43

Tema: **Ons kry hulp** ........................................ **50**

Week 7 ........................................ 52

Week 8 ........................................ 59

# KWARTAAL 3

# Tema: Ons voel jaloers

**Taalverryking:**

Idioom

Dit is ’n frase waar die woorde ’n ander betekenis het as die letterlike betekenis.

Die geelbaadjie aantrek. / Hy is groen van jaloesie.

Dit beteken die persoon is jaloers op die ander persoon. As jou maat goed is in iets, wil jy ook so goed of selfs beter wees. Jy raak jaloers op jou maat. Dit is egter onnodig omdat ons almal uniek is. Jy het ook spesiale talente en eienskappe.

Verhale:

**Chuck, die lorrie**



**Die wintervakansie**




## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **wiplorrie:** | ’n Lorrie wat ook soms ’n kantelbaklorrie genoem word. Die lorrie is ontwerp om materiaal te vervoer en af te laai. ’n Wiplorrie het ’n agterste bak wat kan kantel. Dit kan dinge soos sand, grond of klippe vervoer en dit uitkantel wanneer dit nodig is. |
| **lorrie:** | ’n Groot trok wat gebruik word om goedere van een plek na ’n ander te vervoer. |
| **voertuig:** | Iets wat mense of goedere op die pad kan vervoer, soos ’n motor, bus, lorrie of fiets. |
| **verbysnel:** | Baie vinnig verby jou beweeg. |
| **oseaan:** | ’n Baie groot soutwatermassa. |
| **waterval:** | Water wat oor die kant van ’n hoë klip of afgrond spoel. |
| **reis:** | Om na ’n ander plek toe te gaan. |
| **ervaring:** | ’n Ervaring is enigiets wat jy in jou leeftyd sien, doen of ervaar. Dit is soos herinneringe wat jy versamel. |

## Woordeskat


| | |
|---|---|
| **jaloesie:** | Die naam vir die gevoel wat ons ervaar wanneer ons iets wil hê wat iemand anders het. |
| **jaloers:** | Die gevoel wat ons ervaar wanneer ons iets wil hê wat iemand anders het. Dit beskryf die persoon wat die emosie van jaloesie ervaar. |
| **sterkpunt:** | Iets waarmee jy goed is. |
| **trofee:** | ’n Prys wat jy ontvang wanneer jy wen of iets goed doen; gewoonlik ’n beker of standbeeldjie. |

**Vra jou gesin:**



Wat is iets waarin jy regtig goed wil wees?

Hoe kan ek my gevoelens beheer as ek ooit jaloers of afgunstig op ’n vriend voel?







## Klanke

Maak beurte om al die klanke te lees wat julle behoort te ken:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| s | kw | aa | b | ou |
| -lk | i | bl | p | ui |
| a | -lf | ee | kr | t |
| br | eu | r | dr | ooi |
| n | st | f | gr | aai |
| ei | g | fr | eeu | oo |
| e | pr | fl | h | v |
| pl | uu | y | d | gl |
| sk | o | sn | kn | w |
| sm | j | -ng | k | sl |
| ie | m | tr | l | oe |
| dw | kl | sw | u | sp |

**Bespreek met jou maat:**

1. Watter klanke het jy nie geken nie?
   Skryf 'n lys van hierdie klanke in jou skryfboek.

2. Watter klanke moet jy oefen om te lees?
   Skryf 'n lys van hierdie klanke in jou skryfboek.

**Oefen om die klanke te lees en skryf:**

- Maak jou eie flitskaarte om tuis te gebruik.
- Vra om julle Kernleesboeke huis toe te neem. Oefen om hierdie bladsy te lees.
- Vra jou gesin om verskillende klanke vir jou te vra. Skryf die klanke neer.



## Dekodering

Maak beurte om al die woorde te lees wat julle behoort te ken:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sit | kar | hok | som | pyn |
| put | wen | vat | kyk | rak |
| rooi | water | fles | tafel | beter |
| leeu | foto | motor | baba | raai |
| vraag | glimlag | blaf | yslike | bril |
| vlooi | groot | winkel | stoei | padda |
| brei | gooi | roei | deur | huis |
| vuur | vrou | hees | gaan | koop |
| almal | bloei | teken | sneeu | wolke |
| kamer | ompad | buite | nuwe | later |
| gogga | knyp | blare | begin | deftig |
| borsel | gulsig | sommer | lank | doodbang |


**Bespreek met jou maat:**

1. Watter woorde het jy nie geken nie?
   Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.


2. Watter woorde moet jy oefen om te lees?
   Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

**Oefen om die woorde te lees en skryf:**

- Oefen om die woorde wat jy nie ken nie, te klank.
- Vra jou gesin om verskillende woorde vir jou te vra. Skryf die woorde neer.




Tema: **Ons voel jaloers**



## Morfologie

**Onthou jy?**


Ons noem ’n woorddeel ’n ‘morfeem’.
Elke morfeem het betekenis.

**Bespreek met jou maat:**

- Lees die morfeme en woorde.
- Wat beteken elke woord?
- Wat is die betekenis van elke morfeem?

| | |
|---|---|
| **her**<br>herken<br>herstel | **ont**<br>ontsnap<br>ontspan |
| **be**<br>bevrees<br>bewys | **ge**<br>geloop<br>geskryf |

Kan jy aan ander woorde dink wat hierdie morfeme gebruik?



## Vlotheid

Gebruik leestekens om jou te help om vlot te lees.

| | |
|---|---|
| . | **As jy 'n punt sien, moet jy 'n bietjie wag.**<br>*Maak beurte om hardop te lees:*<br>Ek lees my boek.<br>Mamma kook lekker kos. |
| , | **As jy 'n komma sien, moet jy 'n kort pouse neem.**<br>*Maak beurte om hardop te lees:*<br>Ons eet roomys, lekkers en koek.<br>Daar is appels, lemoene en piesangs op die rak. |
| ? | **As jy 'n vraagteken sien, moet jy jou stem verander om 'n vraag te vra.**<br>*Maak beurte om hardop te lees:*<br>Wat is jou lekkerste vrug?<br>Hou jy van koek? |
| ! | **As jy 'n uitroepteken sien, moet jy jou stem verander om emosie te toon.**<br>*Maak beurte om hardop te lees:*<br>Dit is seer!<br>Hoera, ons het gewen! |
| "…" | **As jy aanhalingstekens sien, kan jy jou stem verander om soos die persoon te klink wat praat.**<br>*Maak beurte om hardop te lees:*<br>Mamma sê: "Kom onmiddellik uit die boom!"<br>"Ja, Ma," sê Koos. "Ek is baie jammer." |

**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:

## Mpho sing en Naledi dans

Mpho en Naledi was sussies. Mpho kon mooi sing. Haar stem was suiwer en sag. Naledi kon mooi dans. Haar voete was vinnig en lig.

Eendag het mense kom kyk hoe Naledi dans. Hulle het hande geklap. "Jy dans so mooi!" het hulle gesê.

Mpho was hartseer. "Almal hou daarvan om na Naledi te kyk," het sy gesê. "Niemand het na my gekyk nie."

Daardie aand het Mpho nie gesing nie. "Hoekom is jy so stil?" het Naledi gevra. "Jy kan mooi dans. Ek wens ek kon soos jy dans," het Mpho gesê. "Ek hou van jou sang," het Naledi gesê. "Wanneer jy sing, wil my voete dans."

"Ons dorpie gaan 'n konsert hou," het hulle juffrou die volgende week gesê. "Wie wil graag sing? Wie wil graag dans?" "Ek het 'n idee," het Naledi gesê. "Mpho gaan sing terwyl ek dans."



By die konsert het Mpho haar mooi liedjie gesing. Naledi het op elke woord gedans. Die handeklap was oorverdowend. "Elke

liedjie het ’n dans nodig,” het Naledi gesê. “En elke dans het ’n liedjie nodig,” het Mpho gesê.

Om te sing was goed. Om te dans was goed. Maar saam was hulle die beste.



## Begrip

Kopieer en voltooi die sinne in jou skryfboek:

1. **Mpho was hartseer omdat …**
2. **Naledi het gesê sy is lief daarvoor as Mpho sing omdat …**
3. **Ons weet dat die meisies goed gevaar het by die konsert omdat …**



## Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeme?

1. morsjors
2. morsdood
3. morsaf
4. morspot
5. morspak



## Morfologie

Onthou:

**Woorde met 'n tweeklank kry slegs 'n -e by in die meervoud.**



## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| koeke | reise | huis | deure | diere |
| duime | mier | boek | treine | kleur |



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Die miere sien die twee koeke op die kas.**

Die miere gaan vandag fees vier! Daar is vier koeke op die kas. Die koeke het almal verskillende kleure. Binne sekondes is daar 'n lang ry miere. Gou-gou is daar net 'n paar krummels oor. 'n Paar deure gaan oop. Ma laat val haar boeke. Pa gooi sy duime in die lug en raas! Net die miere is nou gelukkig!

## Dekodering

Maak beurte om klanke saam te voeg:










## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees:

spreek spruit

sproete

## Enkodering

*Bou en skryf woorde in jou skryfboek.*

s-p-r-i-n-g
m-ie-r-e



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| s | p | r | t | m | e |
| ie | eeu | oe | i | n | g |

## Vlotheid


Maak beurte om hardop te lees:

Sprinkaan spring van die tak af! Wat maak San vandag? Sy spring met 'n springtou. Wat maak Anna vandag? Anna sprinkel versiersuiker oor die koek. Hier kom klein Ben met die sproete op sy neus. Wat wil hy doen?

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

a a a A A A



Kreatiewe storievertelling



## Morfologie

Onthou:

**Woorde met ’n enkelklinker kry ’n dubbel medeklinker en -e in die meervoud.**



## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sakke | matte | blomme | katte | hen |
| penne | pot | man | rokke | hut |



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Die twee katte maak moles.**

Daar is twee katte in die boom. Die seuns neem stokke om die katte te verjaag. Skielik spring die katte uit die boom. Hulle het die rotte op die grond gewaar. Die seuns neem hulle stokke en karre en hardloop weg. Miskien moet hulle ’n paar hutte met die stokke bou.

## Dekodering

Maak beurte om klanke saam te voeg:










## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees:

stroom

struik

stroop

## Klanke

Lees die woorde en soek die klank wat verander het.
Kopieer die woorde in jou skryfboek en voltooi die laaste woord.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| straat | → | straal | → | _ aal |
| rokke | → | bokke | → | _okke |
| straal | → | streel | → | stree_ |

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Mia stap in die straat. Sy besluit om 'n poets op haar boetie te bak. Sy gee vir hom 'n sny brood met stroop. Arme Piet gee een groot hap! Vir haar straf moet Mia die skottelgoed was.**

## Handskrif


Kopieer in jou skryfboek:

*Aa Aa Aa*

**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:

## Skilpad en Reier



Lank gelede was Skilpad en Reier beste maats. Hulle het by 'n groot rivier gewoon.

Reier kon hoog in die lug vlieg. Sy het oor die berge en bome gevlieg. Skilpad kon net stadig op die grond loop.

Skilpad het gekyk hoe Reier vlieg. Hy was jaloers. "Reier sien die hele wêreld," het hy gesê. "Ek sien net die stof. Dit is nie regverdig nie!"

Hy het meer en meer jaloers geword. Skilpad het opgehou om te eet. Hy het die hele dag hartseer in sy dop weggekruip.

Eendag was daar 'n groot storm. Die wind was baie sterk. Reier kon nie vlieg nie. Sy was bang. "Help my, Skilpad!" het sy gehuil.

Skilpad was nie bang vir die wind nie. Hy was laag en sterk. Hy het Reier nader aan die grond, agter 'n groot klip ingetrek.

Toe die storm verby was, het Reier gesê: "Dankie, my maat. Jy is so sterk en veilig op die grond. Ek wens ek kon soos jy wees!"

Skilpad was verbaas. Reier was ook jaloers op hom!

Skilpad het geglimlag. "Ek sal my eie gawe behou," het hy gesê, "en ek sal gelukkig wees oor joune." Van daardie dag af was Skilpad nooit weer jaloers nie.




## Begrip

Kopieer en voltooi die sinne in jou skryfboek:

**1. Skilpad was jaloers omdat ...**

**2. In die storm het Skilpad vir Reier gehelp deur ...**

**3. Aan die einde het Skilpad ... gevoel.**



## Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeme?

1. hoenderhok
2. varkhok
3. hondehok
4. konynhok
5. duiwehok

# Tema: Ons maak foute

**Taalverryking:**

Aanhaling

Die oorspronklike woorde wat iemand oor iets gesê het. Wanneer iemand iets besonders kragtig of betekenisvol sê, neem ons kennis van hul woorde, sodat ons dit kan herhaal.

"Mislukking is bloot 'n ompad; dit is nie 'n doodloopstraat nie." C.S. Lewis

Dit beteken dat as jy in iets misluk, moet jy nie moed opgee nie. Dit kan dalk 'n bietjie langer neem om jou doel te bereik. Daar is altyd 'n ander uitweg.

Verhale:

**Jabu roer eiers**



**Lee-Ann se maklike wiskundetoets**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **takie:** | 'n Klein werkie wat jy buite die huis gaan doen. |
| **dosyn:** | 'n Groep van twaalf items wat gewoonlik dieselfde is, byvoorbeeld eiers. |
| **slymerig:** | Wanneer iets nat, glibberig en taai is om aan te raak. |
| **roereiers:** | Eiers wat gemeng/geklits en in 'n pan gaargemaak is (dit is 'n populêre manier om eiers te eet). |
| **werkvel:** | 'n Bladsy met vrae of aktiwiteite wat voltooi moet word. |
| **kenner:** | 'n Persoon wat baie van iets weet en baie goed is daarmee. |
| **selfversekerd:** | Om seker te voel dat jy iets kan doen. |
| **fout:** | Om iets per ongeluk verkeerd te doen. |
| **ongeluk:** | Iets slegs of verbasend wat as gevolg van 'n fout gebeur, sonder dat iemand dit bedoel. |


## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **mors:** | Wanneer vloeistof of poeier uit die houer op die vloer val. |
| **morsig:** | Nie netjies of skoon nie. |


**Vra jou gesin:**




Wat moet ek doen as ek 'n slegte fout by die huis maak, soos om iets waardevols te breek?



Het jy ooit 'n fout gemaak wat snaaks was? Kan jy my meer daarvan vertel?





## Morfologie

Onthou:

**Woorde met ’n lang klank soos aa, ee: In die meervoud val een klinker weg en ’n -e kom by.**

## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vuur | streep | been | maan | mure |
| bome | roos | bere | hase | sade |

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Vure is gevaarlik!

In die somer is daar baie vure. Die bome brand kaal. Daar is nie genoeg krane met water vir al die vure nie. Die diere vlug op strepe uit die veld uit. Dink mooi voordat jy ’n vuur maak. Is daar ’n kraan naby?

## Dekodering

Maak beurte om klanke saam te voeg:










## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees:

skryf

skraal

skreeu

## Enkodering

*Bou en skryf woorde in jou skryfboek.*

s-k-r-i-k
m-u-r-e



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| s | k | r | i | aa | l |
| y | f | oe | u | m | e |


## Vlotheid


Maak beurte om hardop te lees:

Die skraal seun skrik groot! Wat is daar in die pad? Hy skraap sy moed bymekaar om te gaan kyk. Dit lyk soos ’n kort slang. Iets beweeg! Hy skreeu! Piet lag nou lekker! Jan het net vir ’n lang skroef geskrik!

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:






Tema: **Ons maak foute**

## Morfologie

Onthou:

**By woorde wat op 'n f eindig, verander die f na -we in die meervoud. (Kort klanke kry twee medeklinkers in die meervoud. Woorde met lang klanke (aa, ee, oo, uu) word lang gehou deur die tweede klinker in die meervoud weg te gooi.)**

## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| werf | stowe | sif | werwe | krewe |
| duif | briewe | slaaf | golwe | kreef |

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:


**Pos ons vandag nog briewe?**

'n Brief het eers lank geneem om iemand te bereik. Vandag kan jy binne sekondes 'n brief ontvang. Briewe word nie meer gepos nie. Duiwe kan ook boodskappe oor lang afstande neem. Met hulle spoed kan hulle vinnig oor die golwe vlieg. Sien hulle die krewe as hulle so oor die water vlieg?



## Dekodering

Maak beurte om klanke saam te voeg:









## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees:

tent punt

prent



## Klanke

Lees die woorde en soek die klank wat verander het.
Kopieer die woorde in jou skryfboek en voltooi die laaste woord.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| want | → | kant | → | _ant |
| pint | → | pont | → | _ont |
| klont | → | klant | → | _lant |



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Jan slaan opgewonde sy tent op. Vanaf die rant kan hy oor die hele vallei kyk. Gedurende die nag steek ’n storm op. Die kant van die tent skeur. Op daardie punt besluit Jan dat hy klaar gekamp het.



## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

*Ee Ea Ae*

**Vlotheid**



Maak beurte om hardop te lees:

## Sam en die gemorste verf

Sam het in 'n woonstel in die stad gewoon. Hy was baie lief daarvoor om te verf.

Eendag het sy klas prentjies geverf. Sam het blou en geel op sy papier geverf. Sy arm het die koppie omgestamp en sy verf het uitgeval. Wat 'n gemors!

Sam wou nie in die moeilikheid kom nie. Hy het sy trui oor die gemors gesit om dit weg te steek. "Is alles reg, Sam?" het juffrou Pillay gevra. "Ja, Juffrou," het Sam gesê. Sy gesig het warm geword.

Die verf het vinnig deur sy trui gesypel. Nou was sy trui nat en groen.

Sam het na sy bladsy gekyk. Iets het gebeur. Die blou en die geel het saamgemeng. Dit het 'n pragtige groen gemaak, net soos die blare van 'n boom.

Sam was spyt. Hy het vir Juffrou Pillay die gemors gewys. "Ek het 'n fout gemaak en dit probeer wegsteek," het hy gesê.

Juffrou Pillay het nie geskree nie. Sy het geglimlag. "Kyk wat het jou fout gemaak," het sy gesê. "Jy het 'n nuwe kleur ontdek! Wanneer ons blou en geel meng, kry ons groen."

Die hele klas het kom kyk. Almal wou groen maak. Sam het geglimlag. Hy het geleer dat 'n fout ons soms iets nuuts kan leer.

## Begrip

Kopieer en voltooi die sinne in jou skryfboek:

1. **Sam het die gemors probeer wegsteek omdat …**
2. **Toe die geel en blou verf gemeng het, het dit … gemaak.**
3. **Sam het geleer dat …**

## Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeme?

1. dakloos
2. werkloos
3. smaakloos
4. doelloos
5. hulpeloos

## Morfologie

Onthou:

**Woorde wat op l, m, n, en r eindig kry 'n -s by in die meervoud**

## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| seuns | wurm | koffers | lepel | lakens |
| tafels | storms | broer | motors | wapens |

## Vlotheid


Maak beurte om hardop te lees:

**Die wurms loop op die pad.**

Die broers besluit om te kamp. Hulle rol hul lakens uit en maak hulle bedjies netjies. Skielik is daar 'n groot storm. Na die storm is daar baie wurms in die pad. Hulle neem hulle lepels om die warm sop te eet. Die broers besluit dat dit die beste kamp ooit was!

## Dekodering

Maak beurte om klanke saam te voeg:







## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees:

land | sand

gesond

## Enkodering

*Bou en skryf woorde in jou skryfboek.*

w-i-n-d
g-r-o-n-d

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| n | d | v | i | w | b |
| l | g | r | o | e | s |



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die man is blind. Hy stap stadig oor die grond. Die wind waai sterk en hy kan nie sy pad vind nie. ’n Arend sien die man. Die arend vlieg laag en wys vir iemand waar die blinde man is. Die blinde man se vriend help hom om sy pad te vind.

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

*i i i I I I*



Kreatiewe storievertelling

## Morfologie

Onthou:

**Woorde wat op -d eindig kry 'n -e in die meervoud. Dit klink soms of die woord op 'n -t eindig in die enkelvoud.**

## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| hand | honde | mond | winde | tand |
| hoed | perde | lande | veld | woude |

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Het perde baie tande?

Drie perde het hoede opgesit en deur die boer se lande gaan stap. Die honde het begin blaf en die perde het gerunnik. Hulle hoede het begin skeef sit en die perde kon niks sien nie. Die honde het besluit om maar vir die perde te help en die hoede weer reg opgesit. Van daardie dag af was die perde en honde beste maats.

## Dekodering

Maak beurte om klanke saam te voeg:







## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees:

krimp

ramp

stamp

## Klanke

Lees die woorde en soek die klank wat verander het.
Kopieer die woorde in jou skryfboek en voltooi die laaste woord.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ramp | → | lamp | → | _amp |
| pomp | → | romp | → | _lomp |
| krimp | → | kramp | → | __amp |

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Oom Jan was lief vir sy blou hemp. Ongelukkig het dit gekrimp. Die hemp was te klein. Op ’n dag stamp hy ’n lamp om in die winkel. ’n Hele klomp mense het kom kyk. Dit was die einde van die hemp.

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Ii Ia Ie Ai Ei

Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

## Almal maak foute

Almal maak foute. Kinders maak foute. Grootmense maak ook foute.

’n Fout is wanneer ons iets verkeerds doen wat ons nie bedoel het nie.

Wanneer jy ’n koppie laat val, is dit ’n fout. Wanneer jy ’n woord verkeerd spel, is dit ook ’n fout.

Wanneer ons ’n fout maak, kan ons hartseer voel. Ons kan skaam voel. Ons kan dit wil wegsteek. Maar om foute weg te steek, help nie.

Die beste is om oor ’n fout te praat. Ons kan sê: “Ek het ’n fout gemaak.” Dan kan ons dit probeer regstel.

Foute help ons leer. Wanneer jy van jou fiets afval, leer jy om beter fiets te ry. Wanneer jy ’n woord verkeerd spel, leer jy om dit volgende keer reg te spel.

Moenie opgee as jy ’n fout maak nie. Jy kan uit elke fout leer.






## Begrip

Kopieer en voltooi die sinne in jou skryfboek:

**1. ’n Fout is wanneer …**

**2. Wanneer ons ’n fout maak, is dit die beste om …**

**3. Foute help ons om …**



## Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeme?

1. ontkiem
2. ontvou
3. ontrafel
4. ontplof
5. ontwerp

# Tema: Ons dans

**Taalverryking:**

Spreekwoord

'n Kort tradisionele gesegde wat soms raad bied. Spreekwoorde sluit dikwels figuurlike taal, soos metafore, in.

Dans dat die stof so staan.

Dit word gesê as 'n persoon met baie energie dans. Dit het sy oorsprong in die tradisionele rieldans, waar die groepie dansers letterlik in die stof gedans het.

Verhale:

**Superster Lloyd**



**Musa Motha: 'n Spesiale danser**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **choreograaf:** | Iemand wat dansroetines beplan en mense leer hoe om dit uit te voer. |
| **dansroetine:** | 'n Reeks dansbewegings wat in 'n spesifieke volgorde uitgevoer word. |
| **akademie:** | 'n Skool waar mense spesiale vaardighede, soos dans, aanleer. |
| **choreografeer:** | Om die dansbewegings vir 'n dansroetine van die begin tot die einde te beplan en in die regte volgorde te rangskik. |
| **swaartekrag:** | Die krag wat mense en voorwerpe na die grond toe aantrek. |
| **opswel:** | Om groter te word as gevolg van 'n siekte of besering. |
| **amputeer:** | Wanneer 'n dokter 'n ledemaat, soos 'n arm of 'n been, verwyder weens siekte of 'n ernstige besering. |
| **omskep:** | Om iets te verander sodat dit in 'n nuwe situasie kan werk. |


## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **dans:** | Om jou liggaam op die maat van musiek te beweeg. |
| **ballet:** | ’n Spesiale tipe dans wat ’n storie deur grasieuse bewegings vertel. |
| **hip-hop:** | ’n Vinnige en energieke dansstyl wat jou toelaat om jou persoonlikheid uit te beeld. |
| **tradisionele dans:** | ’n Dans wat van ’n spesifieke kultuur of groep mense af kom. |


**Vra jou gesin:**



Hou jy van dans? Verkies jy om self te dans of om eerder te kyk hoe ander mense dans?



Wie is die beste danser wat jy ken? Watter soort danse doen die persoon?





## Morfologie

Onthou:

**As ’n woord op twee medeklinkers eindig kry dit ’n -e in die meervoud.**



## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| varke | wolk | lampe | vurke | linte |
| hond | kampe | olifante | hand | winde |



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Olifante is reuse.**

Olifante is baie groot. Hulle kan tot 300 kg se plante en gras per dag vreet. Hulle smeer modder aan hulle vel. Olifante moet nie in kampe aangehou word nie. Wind is vir olifante baie belangrik. Hulle kan goed ruik en kan leeus of mense kilometers ver in die wind ruik. Kan honde ook goed ruik?

## Dekodering

Maak beurte om klanke saam te voeg:







## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees:

durf

swerf

kerf

## Enkodering

*Bou en skryf woorde in jou skryfboek.*

w-e-r-f
b-e-d-e-r-f



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| r | f | w | e | s | t |
| b | d | v | k | u | o |

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

My ouma het my bederf! Kwaste en verf! Terwyl Buks en Piet op die werf rondswerf, verf ek allerhande kleure op die bladsy. Piet gaan later trekker ry. Durf hy dit waag om alleen te ry? Ek hoop hy ry ver verby die korf met bye.

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

o o o O O O



Tema: **Ons dans**



## Morfologie

Onthou:

**Woorde wat uit een lettergreep bestaan en op -ng eindig kry 'n -e by in die meervoud.**



## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| slang | tange | kringe | ring | wange |
| stang | dinge | gange | sang | tonge |



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Daar is slange in ons tuin!**


Daar is slange in die tuin! Ons loop wye kringe om die struik. Die slangvanger gebruik 'n soort tang om die slange te vang. Die slange se tonge gaan vinnig heen en weer. Oupa sê hy sal nou 'n paar gesange sing. Ek dink Oupa is net bang.



## Dekodering

Maak beurte om
klanke saam te voeg:






## Dekodering

Maak beurte om
die woorde te lees:

perd

bord

woord



## Klanke

Lees die woorde en soek die klank wat verander het.
Kopieer die woorde in jou skryfboek en voltooi die laaste woord.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| hard | → | herd | → | _erd |
| word | → | gord | → | _ord |
| moord | → | boord | → | _oord |



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die perd en die hond stry oor wie die vinnigste is. Hulle besluit om deur die boord tot by die skuur te hardloop. Die pad is hard en die perd is moeg. Die hond kies kortpad tot by die skuur. Wie het gewen?



## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

*Oo Oa Oe Oi Ao Eo Io*

**Vlotheid**



Maak beurte om hardop te lees:

## Die dansonderwyser

In 'n klein dorpie in die Vrystaat het die kinders in die stof gespeel en in die lang, goue gras gehardloop.

Eendag het 'n vreemdeling na die dorpie toe gekom. "My naam is juffrou Suzette," het sy gesê. "Ek het gekom om julle ballet te leer."

Die kinders het nie geweet wat ballet is nie. "Wat is ballet?" het 'n seun met die naam Karabo gevra. "Ballet is 'n manier om te dans," het juffrou Suzette geantwoord. "Jy staan regop. Jy beweeg stadig en sag, soos die lang gras in die wind."

Aanvanklik was die kinders skaam. Hulle bene het gebewe. Hulle het omgeval.

Maar juffrou Suzette was vriendelik. "Probeer weer," het sy gesê. "Punt julle tone. Lig julle arms op soos vlerke."

Die kinders het elke dag onder die groot blou lug gedans. Stadig maar seker het hulle sterker geword. Hulle kon regop staan en draaie maak.

Eendag het juffrou Suzette die families gevra om te kom kyk. Die kinders het soos voëltjies gedans. Almal het hande geklap.


Juffrou Suzette se balletlesse het almal gelukkig gemaak.



## Begrip

Kopieer en voltooi die sinne in jou skryfboek:

1. **Juffrou Suzette het na die dorpie toe gekom om …**
2. **Juffrou Suzette het die kinders vertel om … te beweeg.**
3. **Die balletlesse het almal … gemaak.**



## Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeme?

1. misdaad
2. misluk
3. misgaan
4. misnoeg
5. misdryf



## Morfologie

Onthou:

**Woorde wat uit meer as een lettergreep bestaan en op -ng eindig, kry 'n -s by in die meervoud.**



## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
| --- | --- |

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
| --- | --- | --- | --- | --- |
| konings | toring | wonings | kussings | beddings |
| varings | afdeling | besering | rigtings | ketting |



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Die koning se tuin.**

Konings woon in kastele met torings. In die kasteel se tuin is beddings met varings en allerhande mooi blomme. Die koning stap graag in sy tuin. Daar is lae kettings rondom die heinings. So kan niemand per ongeluk op die varings trap nie. Baie mense bewonder die koning se mooi tuin.

## Dekodering

Maak beurte om klanke saam te voeg:







## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees:

koms | wurms | besems

## Enkodering

*Bou en skryf woorde in jou skryfboek.*

b-e-s-e-m-s
v-o-r-m-s

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| m | s | b | v | e | a |
| o | r | l | u | f | i |



## Vlotheid


Maak beurte om hardop te lees:

Ons besoek die tandarts. Al die vorms maak Ma klaar! Ma wens eintlik dat 'n klomp wurms net die vorms wil opeet! Terwyl ons wag, hoor ons alarms! Wat is fout? Vier mense hardloop met besems uit die gebou uit. Dit was twee rondloper katte wat moles wou maak.

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

u u u U U U



Kreatiewe storievertelling



## Morfologie

Onthou:

**Woorde wat verwys na ons familie kry 'n -s by in die meervoud**



## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ouers | broer | sussies | neefs | niggie |
| oom | tannies | seuns | dogter | vaders |



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ek speel saam met my nefies en niggies.

Ons het 'n groot familie. My ooms en tannies vertel altyd grappies. My oupas is sterk en bederf ons. My oumas bak lekker beskuit. My niggies en nefies is altyd pret. Hou jy ook van jou familie?



## Dekodering

Maak beurte om
klanke saam te voeg:









## Dekodering

Maak beurte om
die woorde te lees:

volg wilg
walg



## Klanke

Lees die woorde en soek die klank wat verander het.
Kopieer die woorde in jou skryfboek en voltooi die laaste woord.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| wilg | → | galg | → | _alg |
| held | → | meld | → | _eld |
| naam | → | neem | → | nee_ |



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Buks is my hond. As ek onder die wilg gaan sit, sit hy by my. Hy is beslis my beste maat. Dit walg my as mense nie vir hulle honde sorg nie. Buks kry elke dag genoeg water en kos. Hy het sy eie hondehok.



## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

Uu Ua Ue Ui Uo Au Eu Iu Ou



**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:

## Jerusalema

’n Dans uit Suid-Afrika

Jerusalema is ’n liedjie uit Suid-Afrika.

’n Man met die naam Master KG het die liedjie geskryf. ’n Vrou met die naam Nomcebo het dit gesing. Die woorde is in Zoeloe. Die liedjie het in 2019 uitgekom.

Mense in Suid-Afrika was baie lief daarvoor. Dit was sommer vinnig elke dag op die radio.

’n Groep vriende uit Angola het ’n dans uitgedink vir die liedjie. Hulle het hul video op die internet gelaai.

Die dans was pret en maklik. Vinnig wou mense van regoor die wêreld ook die dans doen!

Verpleegsters het gedans. Die polisie het gedans. Onderwysers en kinders het gedans. Mense het in baie verskillende lande die dans gedoen.

Suid-Afrika was baie trots. ’n Liedjie van ons land het die hele wêreld laat dans!

Vandag is mense steeds gek oor Jerusalema.

Dit wys ons dat musiek en dans mense bymekaar kan bring.






## Begrip

Kopieer en voltooi die sinne in jou skryfboek:

**1. Jerusalema is 'n liedjie uit …**

**2. Die dans is deur vriende uit … uitgedink.**

**3. Dit wys ons dat musiek en dans …**



## Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeme?

1. bevrees
2. betoon
3. betrap
4. beslis
5. besoek

# Tema: Ons kry hulp

**Taalverryking:**

Idioom

Dit is ’n frase waar die woorde ’n ander betekenis het as die letterlike betekenis.

Op iemand se knoppie druk.


Dit beteken dat jy by iemand om hulp aanklop. Jy kan nie alleen die probleem oplos nie en soek hulp by iemand anders.

Verhale:

**Dolfyne tot die redding**



**Munene kry hulp**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **dolfyn:** | ’n Slim dier wat in die oseaan woon. Dolfyne is soogdiere wat net soos mense, asemhaal met longe. |
| **red:** | Om iemand te help wat in gevaar verkeer. |
| **branderplank:** | ’n Lang bord wat gebruik word om op die oseaan se golwe te ry. |
| **branderplankryer:** | ’n Persoon wat die golwe op ’n branderplank ry. |
| **rou:** | Die diep hartseer wat ’n mens voel wanneer jy iets of iemand belangriks verloor, veral wanneer dit vir altyd is. |
| **verseker:** | Om iemand gerus te stel sodat hulle kalm voel en nie bekommerd is nie. |
| **depressief:** | Om vir ’n lang tydperk baie hartseer te voel en dit moeilik te vind om enigiets te geniet. |
| **sielkundige:** | ’n Persoon wat mense help om hulle gedagtes, gevoelens en gedrag beter te verstaan en te hanteer. |


## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **terapie:** | Maniere om mense te help om emosioneel of fisies beter te voel. |
| **terapeut:** | ’n Opgeleide persoon wat met jou werk wanneer jy hulp nodig het met jou emosies of liggaam. |
| **genees:** | Om beter te word nadat jy seergekry het of ontsteld was. |
| **beweging:** | Die gebruik van aksies soos strek, dans, hardloop of skud. |


**Vra jou gesin:**



As ek ooit seergekry het of in gevaar is, wat moet ek doen om hulp te ontbied?



Sommige van die verhale wat ons lees, handel oor kinders wat met hulle gesinslede oor hulle probleme en gevoelens praat. Dink jy dat dit ’n goeie idee is?





## Morfologie

Onthou:

**Daar is altyd woorde wat anders is. Hier volg ’n paar uitsonderings.**



## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| skip | stad | kalf | lam | bed |
| skepe | beddens | kalwers | stede | lammers |



## Vlotheid


Maak beurte om hardop te lees:

### Oupa en Ouma.

Oupa is ’n trots op sy lammers en kalwers. Oupa is lief vir die veld en sy plaas. Oupa sê mense in stede kry nie genoeg vars lug nie. Ons kinders is baie lief daarvoor om op die plaas te wees. Ouma bederf ons baie. Ons bou klein skepies en laat dit op die plaasdam vaar.

## Dekodering

Maak beurte om klanke saam te voeg:







## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees:

slinger
banger
honger

## Enkodering

*Bou en skryf woorde in jou skryfboek.*

s-a-n-g-e-r
v-i-n-g-e-r

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| s | a | n | g | e | r |
| v | i | h | o | l | b |



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Mia is banger as die ander kinders. Sy hou haar pa se vinger styf vas en stap dapper verder. Sy sien 'n slinger wat heen en weer waai. Na die ervaring in die spookhuis luister hulle na die sanger se mooi musiek. Die pad huis toe voel vanaand langer, maar dit was 'n lekker kermis.

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

b b b B B B




Tema: **Ons kry hulp**

## Morfologie

Onthou:

By sommige woorde wat op g eindig, val die g in die meervoud weg en word 'n -e bygevoeg. As die woord 'n lang klank het, val een van die klanke ook weg.

## Dekodering

Skryf hierdie opskrifte in jou skryfboek:

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|

Sorteer en skryf hierdie woorde onder die korrekte opskrif:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| dae | mae | vraag | lae | maag |
| plae | vlag | krae | sae | kraag |

## Vlotheid


Maak beurte om hardop te lees:

**Daar was 10 plae.**

Vandag vra Juffrou weer baie vrae. Hoeveel dae is daar in 'n jaar? Piet is snaaks en sê dat daar baie is. Die kinders lag uit hul mae. Juffrou lag maar saam. Daar is 365 dae, antwoord Griet. Hoeveel dae het die plae in Egipte geduur? Wat klink vir jou soos die ergste plaag? Ek gril vir paddas.

## Dekodering

Maak beurte om klanke saam te voeg:







## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees:

donker

winkel

donkie

## Klanke

Lees die woorde en soek die klank wat verander het.
Kopieer die woorde in jou skryfboek en voltooi die laaste woord.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| rankie | → | bankie | → | _ankie |
| kinkel | → | konkel | → | _onkel |
| vonkie | → | donkie | → | d_nkie |

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Die donkie is baie honger. Hy sien 'n vonkie in die verte. Is dit dalk 'n winkel? Hy draf nou moedig na die lig. Hy sien 'n bankie en rus eers. Die boemelaar rus ook. Hy gee van sy brood vir die donkie.**

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

*Ba Be Bi Bo Bu Ab Eb Ib Ob Ub*

**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:

## Die mier en die olifant




Lank gelede het ’n klein miertjie by ’n groot boom gebly. Eendag het sy uitgegaan om na kos te gaan soek. Die son was warm. Kort voor lank het die mier verdwaal. Sy kon nie haar pad huis toe kry nie.

’n Groot olifant het verbygekom. Die mier was baie klein. Sy was bang.

“Help my asseblief, Olifant,” het die mier gesê. “Ek het verdwaal. Ek kan nie my pad huis toe kry nie.”

“Die vriendelike olifant het na die mier afgekyk.

“Klim op my slurp, Mier,” het hy gesê. “Ek sal jou help.”

“Die mier het opgeklim. Die olifant was baie groot. Hy kon ver oor die land kyk.

“Daar is jou boom!” het die olifant gesê. Hy het die mier huis toe gedra.

“Dankie, Olifant,” het die mier gesê. “Jy is groot en baie vriendelik.”

’n Klomp dae later het die olifant ’n doring in sy voet gekry. Dit was baie seer.

Die klein miertjie het saam met al haar maats gekom. Hulle het getrek en getrek. Die doring het uitgekom.

“Dankie, Mier,” het die olifant gesê. Hy was baie bly dat hy die mier gehelp het toe sy verdwaal het.




## Begrip

Kopieer en voltooi die sinne in jou skryfboek:

**1. Die mier het die olifant gevra om …**

**2. Olifant het vir Mier gesê om ….**

**3. Mier en haar maats het …**



## Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeme?

1. ongeluk
2. onervare
3. ongenooi
4. onewe
5. ongewoon



## Dekodering

**Lees lang woorde**

1. Kopieer die woord in jou skryfboek.

gevaarlik

2. Vind en onderstreep al die vokale/ klinkers:

g<u>e</u>v<u>aa</u>rl<u>i</u>k

3. Voeg lettergreepverdelings in:

ge/vaar/lik

4. Lees die lettergrepe:

ge-vaar-lik

5. Voeg die lettergrepe saam en lees die woord:

gevaarlik



## Enkodering

**Voeg leestekens by**

1. Lees die sin:

piet sandra en ben val in 'n diep gat

2. Voeg hoofletters by:

Piet Sandra en Ben val in 'n diep gat

3. Voeg die korrekte leestekens aan die einde by:

Piet Sandra en Ben val in 'n diep gat!

4. Voeg kommas by:

Piet, Sandra en Ben val in 'n diep gat!

**Herhaal met die woorde:**

a. verder
b. albaster
c. blomtuin
d. vakansie
e. waternat

**Herhaal met die sinne:**

a. ons neem lemoene appels nartjies en piesangs
b. waar is my foon
c. dit is vreeslik seer



## Dekodering

Lees lang woorde:

a. vinniger

b. jaloesie

c. opgewonde

d. vliegtuig

e. brander



## Enkodering

Voeg die korrekte leestekens in die sin:

a. die hond se naam is wagter en die kat se naam is sokkies

b. sy neem koekies melk en blomme vir haar ouma

c. wagter los die koekies

d. waar is my kat nou


e. jy maak my so kwaad



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Erwin en sy hond, Pepper, is na 11 lang dae herenig. Dit was byna ’n groot ramp! Erwin en Pepper het soos gewoonlik op Tafelberg gaan stap. Pepper het ’n ander hond gejaag en uit die sig verdwyn. Pepper was skoonveld! Almal het help soek en na 11 dae kon Erwin en Pepper weer glimlag!



Kreatiewe storievertelling



## Dekodering

**Lees lang woorde:**

a. asemhaal
b. sprokie
c. strompel
d. skrumpet
e. versigtig



## Enkodering

**Voeg die korrekte leestekens in die sin:**

1. Lees die sin:

   Pa sê Ek is trots op jou.

2. Plaas 'n dubbelpunt voor die woorde wat direk gesê word.

   Pa sê: Ek is trots op jou.

3. Voeg aanhalingstekens by voor en na die presiese woorde wat iemand sê

   Pa sê: "Ek is trots op jou."

**Herhaal met die sinne:**

a. Ma vra Waar is jou trui?
b. Jannie sê Ek weet regtig nie.
c. Klara sê Ek dink dit is op die pawiljoen.
d. Piet sê Jy het dit beslis daar gelos.
e. Jannie sê Ek beter draf om dit te gaan haal.



## Dekodering

Lees lang woorde:

a. ywerig

b. bewolk

c. koeldrank

d. sneeuman

e. tuinslang



## Enkodering

Voeg die korrekte leestekens in die sin:

a. Mamma vra Wie is daar in die kombuis?

b. Ben sê Ek is besig om te lees.

c. Marie sê Ek speel met my poppe.

d. Pappa sê Ek lees die koerant

e. Lidia sê Dit is ek



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Het jy al die storie oor die vier snaakse musikante van Bremen gelees? Die donkie, hond, kat en haan was almal oud en wou vlug. Op pad om musiek te gaan maak, sien hulle rowers in ’n huis en maak saam ’n harde lawaai. Die donkie balk, die hond blaf, die kat miaau en die haan kraai. Die rowers skrik en hardloop weg.



**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:

## Juffrou Molobe se slim manier om kalm te bly

Juffrou Molobe was ’n onderwyser. Haar klas was vol besige kinders.

Eendag het Dawid Sipho se potlood gevat. Sipho was baie kwaad. Sy gesig het rooi geword. Hy wou skree.

“Stop,” het juffrou Molobe saggies gesê. “Kom, laat ek jou iets slims wys.” Sy het die hele klas op die mat laat sit.

“Wanneer ons kwaad is, voel ons lyf warm,” het sy gesê. “Ons hart klop vinnig. Maar ons kan dit weer kalm maak.”

“Hoe?” het Sipho gevra. “Ons haal asem,” het juffrou Molobe gesê. “Ruik aan die blom. Blaas die kers dood.”

Juffrou Molobe het hulle gewys hoe om dit te doen. Sy het ingeasem asof sy aan ’n blom ruik. Toe het sy uitgeasem asof sy die kers doodblaas.



Die kinders het dit ook probeer. Stadig het Sipho begin beter voel. Sy gesig was nie meer rooi nie. Sy hart was weer kalm.

“Ek voel beter,” het Sipho gesê. “Jammer dat ek jou potlood gevat het,” het Dawid gesê. “Dit is oukei,” het Sipho gesê.

Van daardie dag af het die kinders die slim manier om kalm te word, gebruik wanneer hulle kwaad voel. Ruik aan die blom. Blaas die kers dood.



## Begrip

Kopieer en voltooi die sinne in jou skryfboek:

**1. Wanneer ons kwaad is, klop ons hart …**

**2. Om in te asem, ruik aan die …**

**3. Om uit te asem, blaas die …**



## Morfologie

Kopieer die lys woorde in jou skryfboek.
Onderstreep die morfeem wat in elke woord ingesluit is.
Wat beteken hierdie morfeme?

1. oorheers
2. oorkant
3. oorhaastig
4. oorsien
5. oorstroom

**Copyright © 2026 National Educational Collaboration Trust (NECT)**

This work is licensed under a **Creative Commons Attribution–NonCommercial–NoDerivatives 4.0 International License (CC BY-NC-ND 4.0)**.

Additional permissions beyond the scope of this license may be available. For further information, please contact the publisher at **materials@nect.org.za**.

**First edition, 2026**

NHLRP | National Home Language Reading Programme



NHLRP National Home Language Reading Programme